

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Hebreërs 12 vers 1 tot 2

Laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop,
die oog gevestig op Jesus, die begin en voleinder van die geloof

Kortpad

Deurdankoffer vir Gemeentebediening Teebeurt: St Joseph Sel

- 20 Januarie 08h30 Eietydse diens (ds MG van Rooyen) Kleuterkerk
20 Januarie 09h45 Kategese vir Graad 1 – 6 Nuwe ouers en kinders bly agter in die saal
20 Januarie 10h00 Klassieke diens (ds MG van Rooyen)

Nog belangrike datums

Kommunikamma 20 Januarie 2019

Saam op pad vir Christus

Preke: Die preke van die oggenddienste word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

Sake vir gebed

Ons bid vir vrede en oplossings in Zimbabwe en al die uitdagings by Kleinskool en MTR Smit Kinderoord asook dat ons baie aktiwiteite gedurende die eerste kwartaal sal geskied tot eer van die Here. Lees asseblief biddend die name van die persone wat vanweë verskillende omstandighede tans ons voorbidding dringend nodig het. Ons bid ook vir reën op die plekke wat smag daarna.

VIA Afskop

Alle vrouens word uitgenooi na 'n kuieraand vol verrassings in die kerksaal – 'n aand van smul, speel, samesyn en spesiale pryse. VIA Afskop 28 Januarie 2019

Kraggakamma se Kleingroepbediening

Hierdie bediening, waar Christenvriende gemaak word, streef om deur middel van dinamiese kleingroepe, naamlik 16 Selgroepe en 7 Bybelstudiegroepe, mekaar wedersyds op te bou en te ondersteun ten einde daagliks bruikbaar te wees in God se plan met die gemeente en elke individu.

There4-Bedieninge 2019

Kontak There4-Bedieninge gerus vir meer inligting oor 2019 se kreatiewe werkwinkel, 'n Sendingreis na die Midde-Ooste en twee Damesbedieningsreise na die Midde-Ooste en Noord-Afrika. Werkwinkel en reise

Kerkalmanakke en Jeugprogram

Persone wat verlede jaar groot almanakke bestel het, kan dit by die kerkkantoor kom afhaal. Die volledige Kalender 2019 asook die Jeugprogram vir die eerste kwartaal is ook op die webwerf beskikbaar.

Kosterpos

Ons huidige koster tree einde Maart vanjaar af. [Aansoeke vir die pos](#) kan voor of op Vrydag 8 Februarie ingedien word.

Kategese boeke

Graad 1 – 6 se boeke kos R65.00 elk. Indien u wil [help om ons uitgawes te dek](#), kan u die bedrag by u kind se kategeet of by die kerkkantoor inbetaal.

Verwelkomingsprogram Februarie 2019

Eerstejaars en seniors is welkom om in te skakel by sommige of by al die aktiwiteite van Somerstrand Gemeente se Verwelkomingsprogram. Veral studente uit die platteland geniet dit om op hierdie manier ander studente en die omgewing beter te leer ken. Meer inligting [hier](#) of kontak René by 073 043 9386.

[Grens.Pos – Nr 2 – 18 Januarie 2019]

***Padkos* Hoe begin mens die nuwe jaar?**

Efesiërs 3 vers 14-16: Ek bid dat Hy deur Sy Gees uit die rykdom van Sy heerlijkheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.

Wees gewillig om 'n bietjie aan jouself te sterf om by God te wees, want God het gesterf om naby aan jou te wees.

Skep ruimte in jou hart om lief te hê. Beoefen die liefde met toewyding in die wete dat 'n mens nooit genoeg kan liefhê nie.

Aanvaar wat en wie jy is en moenie daarvoor stres nie, maar besef dat jy te kort skiet - net soos elke liewe mense op hierdie aarde! Dit is die aard van die mensdom. God alleen is volledig heel en goed.

Moenie vasklou aan dit wat verby is nie. Aanvaar dat die lewe nie stilstaan nie. Treur oor jou verliese, vier jou oorwinnings, laat waters wat klaar gemaak het, verbygaan en lewe die lewe voluit.

Wees deel van God se gesin. Die lewe is 'n groepuitstappie wat familie, die gemeenskap, kerk, vaderland en die hele boksendais insluit! Aanvaar dat daar heilige bande is wat jou bind. Vryheid kry alleen betekenis in verbondenheid aan die gemeenskap.

In die lig van bogenoemde, leef soos jy nog nooit tevore geleef het nie; en deel liefde uit soos nog nooit tevore nie. Want God het jou gemaak om te leef en te sterf, te lag, en te huil en te wees wat Hy gedroom het jy kon wees: Sy geliefde kind.

Gebod: Dankie, Here, dat U hierdie jaar saam met my sal stap.

[Hoe begin mens die nuwe jaar Reël 6 – 10 deur Hennie Symington www.versndag.co.za]

Kubergroete tot volgende keer

[2019-01-20]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal. www.getsnapscan.com